bybelgenootskap van suid-afrika

20 April 2015 **Mediavrystelling**

Kontak: Mims Turley
Tel: 021 910 8705
083 255 5765

SPESIALE PROJEK VIR SLAGOFFERS VAN XENOFOBIE

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het so pas met 'n plaaslike projek, "Ek was 'n vreemdeling" begin om uit te reik na die talle mense wat geraak word deur die xenofobiese geweld wat ons land tans beleef.

Na 'n gesprek met sommige kerkleiers, wil die Bybelgenootskap graag hande vat met die baie kerke wat reeds betrokke is by die fisiese en geestelike versorging van immigrante en vreemdelinge wat deur hierdie geweld geraak is. Baie van hulle moes uit hulle huise vlug en het hulle besighede verloor. Sommige word tans onder moeilike omstandighede in kampe gehuisves.

Deur hierdie projek sal die Bybelgenootskap 20 000 Engelse eksemplare van 'n spesiale Bybelseleksie, "Ek was 'n vreemdeling", beskikbaar stel, asook 1 000 Engelse Bybels en 'n 1 000 Bybels in verskillende tale onder andere in Frans, Chichewa, Shona en Portugees. Hiervoor word R92 000 benodig.

"Ons is diep bewus daarvan dat die Bybel ons leer om vreemdelinge in ons midde te versorg. In die Skrif (Levitikus 19:33-34) lees ons: 'Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself.' Met hierdie projek wil die Bybelgenootskap help om ware troos en hoop aan mense te bring wat hulle tans in 'n baie donker plek bevind," sê ds Dirk Gevers, die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

"Ek doen dus 'n beroep op Christene in ons land om die Bybelgenootskap met hierdie projek te help," voeg hy by.

Vir meer inligting of om by te dra, besoek www.bybelgenootskap.co.za of skakel 021 910 8705.